DIE PROVINSIE TRANSVAAL
THE PROVINCE OF THE TRANSVAAL

# Buitengewone Provinsiale Koerant
# Provincial Gazette Extraordinary

Verkoopprys: **R1,50** ◇ Buitelands: **R1,95**
Selling price: **R1,50** ◇ Other countries: **R1,95**

Vol. 349 PRETORIA, 8 JULIE / JULY 1994 No. 5018

## Premierskennisgewing

**Premierskennisgewing 2** **8 Julie 1994**

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK: ENNERDALE BESTUURSKOMITEE

Ingevolge artikel 2, saamgelees met artikel 4, van die Ordonnansie op Kommissies van Ondersoek, 1960 (Ordonnansie No. 9 van 1960), word hiermee bekendgemaak dat die Premier van die Pretoria–Witwatersrand–Vereeniging-provinsie ingevolge artikel 170*ter* (1) (a) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939), **mnr. W. Krugel**, Identiteitsnommer 3007015023007, as 'n Kommissie van Ondersoek aangestel het om die volgende beweerde onreëlmatighede by die Ennerdale Bestuurskomitee te ondersoek en daaroor aan hom verslag te doen:

(a) Aanstelling van raadgewende ingenieurs;
(b) toekenning van huise aan familielede;
(c) eise vir vervoertoelae;
(d) toe-eiening van munisipale eiendom deur komiteelede;
(e) toekenning van behuisingskontrakte;
(f) watertoevoer na eiendom van 'n lid van die bestuurskomitee;
(g) misbruik van riooldienste deur 'n lid van die bestuurskomitee;
(h) verkoop van Erf 334, Lawley;
(i) toekenning van nywerheidsgrond aan Jaylala Enterprises BK;
(j) betrokkenheid van 'n lid van die bestuurskomitee by die kontrak vir die bou van 'n swembad;

## Premier's Notice

**Premier's Notice 2** **8 July 1994**

COMMISSION OF INQUIRY: MANAGEMENT COMMITTEE OF ENNERDALE

In terms of section 2, read with section 4, of the Commissions of Inquiry Ordinance, 1960 (Ordinance No. 9 of 1960), it is hereby made known that the Premier of the Pretoria–Witwatersrand–Vereeniging Province has in terms of section 170*ter* (1) (a) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939), appointed **Mr W. Krugel**, Identity Number 3007015023007, as a Commission of Inquiry to conduct an investigation into and to report to him on the following alleged irregularities committed at the Management Committee of Ennerdale:

(a) Appointment of consulting engineers;
(b) allocation of houses to family members;
(c) claims for transport allowances;
(d) appropriation of municipal property by committee members;
(e) allocation of housing contracts;
(f) water connections to property of a committee member;
(g) misuse of sewage services by a committee member;
(h) sale of Stand 334, Lawley;
(i) allocation of industrial property to Jaylala Enterprises CC;
(j) involvement of a committee member in the contract for the building of a swimming-pool;

(k) misbruik van munisipale voertuie;

(l) privatisering van munisipale dienste aan maatskappye waarin bestuurskomiteelede 'n belang het;

(m) betrokkenheid van 'n lid van die bestuurskomitee by die kontrak vir die bou van toilette by die Elandsfontein Plesieroord;

(n) toekenning van kontrakte aan familielede van 'n lid van die bestuurskomitee;

(o) gebruik van munisipale sale deur 'n lid van die bestuurskomitee;

(p) betrokkenheid van 'n lid van die bestuurskomitee by A & F Garage Equipment;

(q) toekenning van Stocks en Stocks huise;

(r) toekenning van huise in Ennerdale-uitbreiding 8;

(s) toelaes betaal aan lede van die bestuurskomitee;

(t) die aanstelling van 'n bou-opsigter; en

(u) viktimisasie aan sekere beamptes deur lede van die bestuurskomitee.

(GO 17/61/2/194)

(k) misuse of municipal vehicles;

(l) privatisation of municipal services to companies in which committee members are involved;

(m) involvement of a committee member in the contract for the building of toilets at the Elandsfontein pleasure resort;

(n) awarding of contracts to family members of a committee member;

(o) use of municipal halls by a committee member;

(p) involvement of a committee member in A & F Garage Equipment;

(q) allocation of Stocks and Stocks houses;

(r) allocation of houses in Ennerdale Extension 8;

(s) allowances paid to committee members;

(t) appointment of a clerk of works; and

(u) victimisation of certain officials by committee members.

(GO 17/61/2/194)

## INHOUD


| No. | | Bladsy No. | Koerant No. |
|---|---|---|---|
| | **PREMIERSKENNISGEWING** | | |
| 2 | Ordonnansie op Kommissies van Ondersoek (9/1960): Kommissie van Ondersoek: Ennerdale Bestuurskomitee .......... | 1 | 5018 |


## CONTENTS


| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| | **PREMIER NOTICE** | | |
| 2 | Commissions of Inquiry Ordinance (9/1960): Commission of Inquiry: Management Committee of Ennerdale .... | 1 | 5018 |


Gedruk deur die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001, vir die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pretoria

Printed by the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001, for the Transvaal Provincial Administration, Pretoria